## 15 Augustus Matteus 10:16-25

### *Bewoë gestuurdes vol wysheid*

Hoekom vergeet 'n kind so maklik wat hy moet doen as jy hom stuur? Sy gedagtes dwaal maklik rond, want hy raak maklik verveeld. Dieselfde gebeur met ons as Christene. Ons onthou ook nie altyd waarvoor die Here ons na die aarde toe gestuur het nie. Hier is te veel dinge op aarde wat ons aandag aftrek. Daarom vra ons: "Here, wat het ons nou weer op aarde kom doen?" Die Here stuur ons na 'n gebroke wêreld in nood. Hy is bewoë oor die lot van hierdie gebroke wêreld. Ons vergeet maklik van ons opdrag omdat ons nie meer mense se nood raaksien nie. Ons moet ook aan die hart geruk deur die gebrokenheid worstel.

Onthou ook hoe ons ons opdrag moet uitvoer. Die gebroke wêreld is 'n gevaarlike wêreld, daarom moet ons "versigtig ... en opreg ... wees". So stuur die Here ons die gebroke wêreld in. Eers onder ons eie mense. Moet hulle nie verwaarloos nie. Dan na die ander wat Hom nog nie ken nie. By almal sal ons gevaar op die lyf loop. Dit gaan nie maklik wees nie. Ons sal graag wil vergeet van ons opdrag. Maar die Here stuur ons die gebroke wêreld in met die bemoediging: "Ek gee my Heilige Gees aan julle!" Ek gee aan julle die krag om die gebrokenheid met wysheid te hanteer. As daar by jou bewoënheid is oor die mense op aarde, dan is jy geroepe en sal die Here jou sy Gees skenk en 'n lewe vol wysheid.

Sing: Psalm 2:1, 6 Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Mooirivier)